bsmart.

bsmart Nuusbrief – Maart 2026

# Nóg redes om 'n lid te wees

Terwyl Monty terugkyk op ons reis van Kaapse Verbruikers tot vandag se bsmart, bring hierdie maand se nuusbrief ons erfenis en praktiese waarde saam, van nuwe digitale ontwikkelings tot alledaagse besparingswenke en ledevoordele wat jy sommer nou kan gebruik. **Ons grondslag is lojaliteit. Ons fokus is relevansie.** En ons verbintenis bly dieselfde: om jou te help om die Beter Prys op jou alledaagse besteding te ontsluit.



## ’n Terugblik om die toekoms verder te bou

**- Monty Stephenson, bsmart Hoof Uitvoerende Beampte -**



Dit is met groot trots, dankbaarheid en optimisme vir die toekoms dat ek hierdie brief aan jou, ’n gewaardeerde bsmart-lid, skryf.

bsmart is vir my iets persoonliks. Ek is al meer as 20 jaar by die besigheid betrokke - ’n lang reis volgens enige maatstaf - maar selfs dit vervaag in vergelyking met die buitengewone lojaliteit van ons lede.

Vandag is 309 lede al langer as 50 jaar deel van bsmart, en agt van daardie lede is reeds meer as 70 jaar by ons.

**Dink net ’n oomblik daaroor: hulle is bykans vir die hele bestaan van bsmart lede - ’n besigheid wat sy 80ste bestaansjaar nader.**

Dit is nie net lojaliteit nie. Dit is nalatenskap. Dwarsdeur ons gemeenskap is die gemiddelde lidmaatskapstermyn nou 27 jaar - en dit groei elke dag. Dit spreek boekdele oor jou vertroue in ons, jou geloof in ons doel, en jou verbintenis tot ’n model wat daarop fokus om jou te help om **Slim te Koop, Slim te Spandeer en Slim te Spaar.**

### Kom ek sê dit duidelik: Sonder jou sou bsmart nie bestaan nie.

Jou daaglikse keuse om jou bsmart-kaart te gebruik, om deel van ons gemeenskap te bly, en om jou vertroue in ons te plaas, is die basis waarop alles wat ons doen gebou is. Daarvoor sê ons opreg **dankie.**

Ons jarelange lede sal die vele transformasies onthou wat die besigheid oor die dekades ondergaan het. Een persoon wat die gees en erfenis van bsmart vergestalt het, was ons afgetrede Raadvoorsitter, Oom Dries Retief. Hy het dit geniet om stories te deel oor hoe die besigheid begin het en hoe dit in sy vroeë jare gefunksioneer het. Ek het die voorreg gehad om in die vroeë 2000’s onder Oom Dries te dien, en sy stories was altyd ryk aan insig, nederigheid en lesse wat ons verantwoordelikheid-sin teenoor lede gevorm het.

Een van my gunstelingstories dateer uit die dae toe die besigheid nog as **Kaapse Verbruikers bekend gestaan het**. Oom Dries het as plaaslike verteenwoordiger by sy werkplek - ’n Kaapse hospitaal - opgetree, waar hy lede gewerf het, inkopiestrokies ingesamel het, state uitgestuur het en betalings ontvang het. Hy was werklik ’n “alles-in-een”-persoon. Vandag verg elkeen van daardie funksies toegewyde spanne en gesofistikeerde, outomatiese stelsels - ’n kragtige herinnering aan hoe ver die besigheid gekom het.

Die bekendstelling van die eerste magnetiese streepkaart in die 1990’s het “handstrokies” vervang en bedrywighede getransformeer. Vir dekades het die kaart grootliks onveranderd gebly, tot met die vestiging van PIN-sekuriteit in 2020. Sedertdien kan ons met trots deel dat daar nie ’n enkele geval van kaartbedrog was nie - ’n bewys van die wysheid van daardie besluit en ons verbintenis tot lede-sekuriteit.




### En nou staan ons weer by ’n belangrike punt in bsmart se reis.

Ons beplan aktief aan die bekendstelling van ’n **mikroskyfie-en-PIN bsmart kaart,** tesame met die ontwikkeling van ’n **digitale betaaltoepassing** vir lede wat selfoon en kontaklose oplossings verkies - tegnologieë wat baie van julle reeds deur jul banke gebruik.

Ons is ook in gesprek met verskeie van ons getroue nasionale kleinhandelvennote om gebruik van die **bsmart-kaart vir aanlyn inkopies moontlik te maak.** Baie van julle het gevra vir toegang tot platforms soos **Checkers Sixty60 en Pick n Pay ASAP,** en hoewel gesprekke steeds aan die gang is, werk ons doelgerig daaraan om hierdie opsie vir ons lede beskikbaar te stel - nie net op die twee belangrike aanlynplatforms nie, maar ook by dié van ander gewilde kleinhandelaars.

**Ons het ook nuwe inisiatiewe bekend gestel om ons verhouding met jou te versterk:**

- **'n Lede-opnameplatform wat ons** in staat stel om jou stem direk te hoor en ons besluite rondom jou behoeftes te vorm
- **Ons verjaarsdaggeskenk-vennootskap met Coupster,** wat spesiale Checkers-koepons aan ons lede bied

Dit is klein maar betekenisvolle stappe in die bou van ’n meer persoonlike, aksiegedrewe en waardevolle bsmart-ervaring.

Terwyl ons saam met jou ontwikkel, word ons bemoedig deur die algehele positiewe momentum in Suid-Afrika: laer inflasie, die terugkeer van stabiele elektrisiteitsvoorsiening en verbeterde verbruikersvertroue. Hierdie positiewe tendens skep ’n sterker basis vir huishoudings, besighede en gemeenskappe.

Ons toekoms gaan nie daaroor om ons erfenis te laat vaar nie - dit gaan daaroor om dit te eer terwyl ons bou aan wat volgende kom. **Gewortel in vertroue. Gebou op lojaliteit. Gefokus op relevansie. Gedryf deur waarde vir lede.**

Dankie dat u deel is van ons storie - verlede, hede en toekoms.
Ons sien daarna uit om die volgende hoofstuk van bsmart saam met jou te bou.

** As jy ’n spesiale bsmart-herinnering of storie het om te deel, hoor ek graag daarvan. Stuur dit gerus na mystory@bsmart.co.za.*



## Die nuwe reëls vir slim inkopies doen in 2026

Pryse hou aan styg, maar kopers raak ook al hoe slimmer. Van pryse aanlyn vergelyk tot die keuse van winkelhandelsmerke en die kombinasie van lojaliteitsbelonings, so maak klein gewoontes ’n groot verskil aan huishoudelike begrotings.




Met bsmart hoef jy nie tussen voordele te kies nie. Betaal met jou bsmart-kaart, gebruik jou winkel se lojaliteitskaart en voeg daai spesiale aanbiedinge saam om die ware Beter Prys op jou alledaagse inkopies te ontsluit.

**In 2026 gaan dit nie daaroor om minder te spandeer nie. Dit gaan daaroor om slimmer te spandeer.**

Lees die volledige artikel vir **5 maklike gewoontes wat jou begroting nóg verder kan rek.**

👉 Lees die artikel hier

## Maart-lede, jou bsmart-verjaarsdagvoordeel moes reeds in jou e-pos en SMS-inboks aangekom het.

As jy dit nog nie gebruik het nie, is dit nou die perfekte tyd.




COUPSTER

In jou verjaarsdagmaand gee bsmart vir jou **2 maande se gratis toegang** tot Coupster, geborg deur ons as ’n dankie-sê omdat jy ’n lid is.

Dit beteken eksklusiewe kruideniersware-koepons en die geleentheid om tot **R1,000 per maand** op alledaagse noodsaaklikhede by Checkers, Checkers Hyper en Shoprite te bespaar.

Gebruik eenvoudig die skakel in jou SMS om te begin spaar. **Want verjaarsdae moet mos ook met ’n Beter Prys kom.**

## Speel met bsmart




Ons het iets nuuts bygevoeg vir bsmart-lede, en dit is net vir die lekkerte.

Ons stel bekend: **die bsmart ShopperGo Speletjie,** ’n vinnige, pret manier om op ’n heel nuwe wyse met die bsmart-handelsmerk om te gaan.

**Dis vinnig, kleurvol en maklik om te speel.**
**Geen aflaaie. Geen registrasies. Net tik en speel.**

Dit gaan alles oor pret en om op ’n vars, interaktiewe manier by bsmart betrokke te raak. Dink daaraan as ’n klein blaaskans in jou dag, spesiaal vir ons lede gebou.

**👉Probeer die bsmart ShopperGo Speletjie nou en kyk hoe ver jy kan kom.**

Klik hier om te speel

**Want nie alles hoef ernstig te wees om ook die moeite werd te wees nie. Soms is ’n bietjie speel presies wat nodig is.**

## Nuus van ons vennote




### Herfs-karnaval is nou aan die gang!

Tafelberg Meubels vier Herfs en nooi jou om saam te kuier. Hulle bring vir jou ongelooflike besparings, opwindende gelukkige trekkings en die kans om die groot karnavalwiel te spin, waar jy tot R7,500 kontant terug kan wen! 💸 💸

Kom koop hul fantastiese aanbiedinge tydens die Herfs-karnaval en geniet ’n fees van lae pryse op al jou gunsteling handelsmerke.

👉 Klik hier 🛒

**Geldig van 4 - 15 Maart 2026, terwyl voorraad hou. Bepalings en voorwaardes geld.**
Moenie die viering misloop nie – besoek jou naaste winkel vandag of koop aanlyn.

## Staan 'n kans om 'n R500 geskenkbewys te wen met IntegriSure

Vir byna 30 jaar help ons individue en besighede om met vertroue versekeringsbesluite te neem.

Ons werk saam met toonaangewende Suid-Afrikaanse versekeraars om dekking te struktureer wat sin maak. Versekering moet nie net goed lyk op papier nie. Dit moet werk wanneer teëspoed tref.

Nou is ’n slim tyd om jou dekking te hersien en onthou, as ’n bsmart-lid ontvang jy ook 4% kontantterugbetaling op premies jaarliks wanneer jy na IntegriSure oorskakel.

Kry ’n motor- en huisversekeringskwotasie by **IntegriSure** en staan ’n kans om ’n **R500 Dis-Chem-koopbewys** te wen!




Die meeste mense besef eers wat hul motor- en huisversekering regtig dek wanneer hulle ’n eis moet indien. Teen daardie tyd is dit:

1. Te laat om die bybetaling aan te pas.
2. Te laat om versekerde waardes op te dateer.
3. Te laat om die fynskrif te bevraagteken.

’n Kwotasie moet nie net wys wat jy gaan betaal nie. Dit moet ook wys waarvoor jy gedek is, en waar jy moontlik blootgestel is. Dít is die verskil wat ’n makelaar maak.

**By IntegriSure verskaf ons nie net kwotasies nie; ons adviseer en vra die regte vrae:**

- Is jou dekking in lyn met vandag se vervangingskoste?
- Sal jy jou bybetaling kan bydra gedurende ’n werklike eis?
- Is jy goed verseker, nie net goedkoop nie?

**Klik hieronder om jou besonderhede in te dien en maak seker jy volg ons op Facebook en Instagram.**

Skryf nou in

**inskrywings sluit 31 Maart 2026. Bepalings en voorwaardes geld.**

**Besoek ons webtuiste vir ’n kwotasie, of WhatsApp ons by 0860 055 055**

## Verstaan jou optometrievoordele voordat probleme begin




**Te veel skermtyd kan tot meer as net ’n gebrek aan fokus lei; dit veroorsaak dikwels oogspanning en moegheid.**

Hoewel dit algemeen is in ’n digitale werksomgewing, is dit ’n teken dat jou ooggesondheid pro-aktiewe sorg nodig het. Dit is waar optometrievoordele ’n rol kan speel. Hierdie voordele ondersteun gereelde oogtoetse en vroeë opsporing, sodat jy jou ooggesondheid op ’n voorkomende en praktiese manier kan bestuur, eerder as om eers op te tree wanneer ongemak jou dag begin beïnvloed.

Wat ingesluit is, hoe gereeld jy kan eis, en watter limiete van toepassing is, hang alles af van jou mediese fondsplan. Wanneer jy verstaan wat jou plan toelaat, kan jy hierdie voordele doelgerig gebruik, eerder as om te raai.

Indien jy daagliks agter ’n skerm werk en duidelikheid wil hê oor hoe optometrievoordele op jou van toepassing is, kan ’n gesprek met ’n **MedXpert-kundige** jou help om jou opsies rustig en duidelik te verstaan:

👉 Klik hier!

Hierdie is ’n **GRATIS** diens vir alle bsmart-lede wat kies om by **MedXpert** te registreer.




## Maart aanbiedinge van ons kleinhandelsvennote

Klik op die ikone hierbo om hierdie maand se beste aanbiedinge te ontdek.
**Onthou om jou bsmart kaart te gebruik om kontantterug te verdien op elke kwalifiserende besteding!**

SHOPRITE · Dis-Chem · Checkers · game
builders · makro · TAFELBERG MEUBELS · PnP

## Aanhaling van die maand

Dit is nie jou salaris wat jou ryk maak nie, maar jou bestedingsgewoontes.

- Charles A. Jaffe

Skakel ons op **021 409 7600** of epos members@bsmart.co.za

Volg ons op sosiale media.